Christelike Privaatskool Leipoldtville

Ons skool, ons trots

Prospektus 2024

Fisiese adres:
Hoofstraat Leipoldtville
8122
Posadres:
Posbus 12 Leipoldtville
8122
Tel: 027 4221 409
Epos: cpl@leipoldtville.co.za
Dept. registrasie nommer: 0100000232

HARTLIK WELKOM
-BRIEF VANAF PRINSIPAAL-

In die einde van 2023 kyk ons terug op ‘n geseënde jaar. Ons wil alle lof en eer bring aan ons Hemelse Vader vir Sy leiding asook die gawes wat Hy ons gegee het om ons opvoedingstaak te verrig.

CPL het die afgelope maande van krag tot krag gegaan. Ons bly trou aan ons leuse, ons skool ons trots en mik steeds hoër vir die toekoms.

Ons sien elke geleentheid as ‘n uitdaging, dan kan ons met die krag van God van CPL net nog ‘n groter sukses maak.

Ons belowe u dat elke leerder van CPL se laerskool ondervinding met groot vreugde en trots onthou sal word.

Skoolgroete

Me. T. van Zyl
Prinsipaal

-BRIEF VANAF SKOOLBEHEERRAAD-

GEAGTE OUER,

BAIE HARTLIK WELKOM BY ONS CHRISTELIKE PRIVAATSKOOL LEIPOLDTVILLE-SPAN. ONS IS OPGEWONDE OM U DEEL TE Hê VAN HIERDIE FORMIDABELE SPAN OUERS EN SKOOL.

BY CPL IS ONS KINDERS SE AKADEMIESE EN CHRISTELIKE OPVOEDING VAN KARDINALE BELANG EN DAAROM SAL ONS ONS UITERSTE BES DOEN OM U KIND/KINDERS NA DIE BESTE VAN ONS VERMOë OP TE VOED EN TE LEER. ONS IS 'N PRIVAATINSTANSIE WAT TOTAAL AFHANKLIK IS VAN OUERS SE BYDRAES EN SKOOLFONDSE EN VRA U OM ASSEBLIEF HANDE TE VAT MET DIE BESTAANDE OUERS EN IN TE SKAKEL BY ONS PROJEKTE EN FONDSINSAMELINGS OM SODOENDE ONS SKOOLFONDS SO LAAG MOONTLIK TE HOU. GEDURENDE DIE JAAR HET ONS 'N PAAR PROJEKTE WAAR OUERS INGEDEEL WORD OM LEIDING TE NEEM MET DIE REëL VAN FUNKSIES OM SODOENDE ELKE OUER DIE GELEENTHEID TE GEE OM MET DIE SAMEWERKING VAN DIE RES VAN DIE OUERS ONS FUNKSIES SUKSESVOL TE MAAK. ONS KAN U VERSEKER DAT HIERDIE GELEENTHEDE VET PRET IS EN SOMMER 'N LEKKER SOSIALE BAND TUSSEN DIE OUERS VORM. TYDENS DIE EERSTE KWARTAAL WORD ELKE MAMMA DIE GELEENTHEID GEGEE OM TE NOEM BY WATTER GELEENTHEID OF FUNKSIES SY GRAAG SAL BETROKKE WEES. INDIEN DAAR NIE TERUGVOER ONTVANG WORD NIE SAL SY INGEDEEL WORD WAAR NODIG.

ONS VRA U OM ONS ASSEBLIEF MET VRYMOEDIGHEID ONS TE KONTAK IN DIEN U ENIGE VRAE OF NAVRAE HET RAKENDE ENIGE SKOOLAANGELEENTHEID TE ALLE TYE. U IS WELKOM OM MET ONS SKOOLHOOF OF ENIGE VAN ONS BEHEERLIGGAAM LEDE TE SKAKEL INDIEN U SO SOU VOEL, ONS HELP GRAAG WAAR ONS KAN.

Groete

CPL-SBL

UITVOERENDE OPSOMMING VAN CPL

Die moontlikheid om ‘n privaatskool in die Sandveld omgewing te open is al deur verskeie individue in die verlede herondersoek. Daar het ‘n algemene bekommernis geheers oor die groot klasse in staatskole en die nagevolg wat dit op goeie onderrig het.

Namate die behoefte aan gehalte grondslag-, intermediêre- en seniorfase onderwys in die Sandveld omgewing begin groei het, het die gemeenskap en ‘n klomp dinamiese mammas, in 2012, besluit om die bul by die horings te pak. Daar is besluit om ‘n privaatskool op die been te bring.

Ons voel trots om hiermee te sê dat ons skool bekend staan as Christelike Privaatskool Leipoldtville en dat ons hoof fokuspunte sal wees om Akademie en die basiese Christelike beginsels van ons kinders te bevorder en skep. Ons wil weer die persoonlike aandag van ‘n onderwyser aan kind terugbring in ons skool en sodoende ons kinders tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.

CPL akkommodeer huidig voorskoolse leerders tot graad 5, maar kan met trots sê dat ‘n graad 6 en 7 klas ‘n realiteit sal wees vir die jaar 2019. Die opvoederspan wat tans die opvoedingstaak onderneem bestaan uit ‘n skoolhoof en 4 onderwysers en 2 assistente. Elkeen van diegene hanteer ‘n spesifieke doel en ouderdomsgroep. Die klasverdeling is soos volg: voorskoolse-klas, Gr.00-R, Gr. 1, Gr. 2+3, en Gr. 4 en 5. Hierdie indeling is onderhewig aan verandering en sal jaarliks deur die beheerliggaam hersien word.
Namate die skool groei sal dit ons toelaat om meer opvoeders aan te stel wat ons weer sal toelaat om die klasse te verdeel.

Die NG Kerk Leipoldtville se kategesseklasse is ingerig en dien as ‘n tydelike skoolstruktuur en –terrein, ons het ook ‘n Prefab-gebou bygekoop vir die Gr RR en Gr R klaskamers asook twee nuwe klaskamers bygebou.

Akademie sal voorkeur geniet, maar daar word ook gefokus op sport- en kultuuraktiwiteite. Ons sal strewe om deel uit maak van die Buite-Skole Sport Unie en dus sal die leerders van ons skool alle regte en voordele van staatskole geniet.

Daar heers ‘n behoefte vir deelname aan individuele sportsoorte soos skiet, boogskiet en skaak en tans is dit iets wat die beheerraad ondersoek.

Ons beoog om ook ‘n nasorgsentrum te open waar leerders met rustigheid, veiligheid en met behoorlike toesig hul tuiswerk sal kan voltooi. Die sentrum sal van groot hulp wees vir ouers wat daagliks tot laat werk.

CPL kleredrag sal met trots gedra word. Die klere wat beskikbaar is by die skool is kindervriendelik en gemaklik. Die volledige kleredrag is verpligtend vir alle leerders vanaf die Graad 1 ouderdom.

CPL kan met sekerheid sê dat almal wat met die skool sal skakel vir ons baie belangrik geag word. Ons sien ons skool as uitbreiding van ons huis en elke nuwe lid sal met groot opwinding ontvang word.

VISIE EN MISSIE

Visie

By Christelike Privaatskool Leipoldtville (CPL) ontwikkel ons elke kind ten volle tot sy/haar volle potensiaal as mens. Die basis van ons onderrig is Christelike waardes en norme.

CPL strewe daarna om 'n skool van voorkeur te wees deur die aanbieding van uitsonderlike onderwys, opvoeding, lewenswaardes en -vaardighede sodat elke leerder wat daaraan toevertrou word, uitnemend toegerus sal wees vir sekondêre onderrig.

Missie

Ons wil ons visie doelgerig bereik deur:

- 'n Christelike lewensuitkyk en etos te handhaaf.
- Hoë akademiese standaarde te handhaaf.
- Personeellede bekwaam en kundig sal wees.
- 'n Dinamiese, professionele en gelukkige personeelspan gebou sal word.
- 'n Opvoedkundige en standvastige omgewing sal skep wat leer bevorder.
- Leerders ten volle sal motiveer om hul potensiaal te bereik.
- Om die leerders te leer om gesag en dissipline te aanvaar.
- Leerders op beide sport asook kulturele vlak sal ontwikkel.
- Ouers sal 'n integrale deel van die opvoedingspan vorm.
- Die hoogste vlak van effektiewe bestuur deur die Beheerliggaam verseker word.

WAARDESISTEEM VAN CPL

CPL dien ‘n almagtige drie-enige Koning, God die Vader, Sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees.

Ons doel is om onderworpe te staan aan Sy Woord(die Bybel) en om ten alle tye sy Koninkryk te help uitbrei en Sy naam te verheerlik.

Ons doel is ook om ons leerders op Christelike grondslag en onder ‘n Christelike bewaakdheid te leer en op te voed. Hier leer ons om liefde te gee en te wees, om mekaar met respek en geduld te hanteer. Ons glo aan foute maak, maar ook om verskoning te vra en mekaar te vergewe soos Christus ons vergewe het. Ons wil ons kinders leer om selfbeheersing toe te pas, om ook onderskeid te kan tref tussen goed en kwaad, reg en verkeerd en wanneer dit ‘n mens se verbeelding is en wanneer die waarheid. Ons wil hê ons leerders moet as hulle hier kan weggaan die onderskeid te kan tref tussen reg en verkeerd en so die regte keuses in die toekoms te kan maak.

Ons glo ‘n kind is ‘n geskenk van Bo met elkeen sy unieke eienskap en persoonlikheid en met Sy hulp wil ons hulle help vorm om Hom te verheerlik en Sy Koningkryk te help uitbrei.

KURRIKULUM

Die Nasionale Kurrikulum (die KABV) word geonderrig vanaf Gr. R – 7

Afrikaans Eerste Taal
Engels Addisionele Taal
Xhosa Tweede Addisionele Taal (serdert 2018 vir alle graad 1 leerders)
Wiskunde
Natuurwetenskap en Tegnologie
Sosiale Wetenskappe
Lewensvaardigheid
Ekonomie (graad 7)

Toetse en Eksamens Graad 4-7
Gedurende die eerste en derde kwartaal word leerders geassesseer d.m.v. ‘n toetsreeks. Kwartaal twee en vier lê die leerders formele eksamens af.

Die bogenoemde voorsien die leerders van die nodige vaardighede om ‘n eksamen suksesvol te voltooi. Die Graad 4’s word ook aan eksamens blootgestel, maar op ‘n baie ligter trant.

KO-KURRIKULÊRE AKTIWITEITE

Die groei van die skool sal ‘n invloed hê op die verskillende buitemuurse aktiwiteite:

Kultuur:
Die volgende geleenthede vir deelname word aangebied:

Sing en Drama
Konserte
Eisteddfod
Olimpiades (Amesa en Conquesta)
Uitstappies
Ballet(Moderna dans)
Kuns

LEIERSKAP ONTWIKKELING:

Die Graad 4 en 5 leerders kry weekliks kans om op te tree as skoolleiers en word reeds voorberei vir hoër grade waartydens hoofleiers aangewys sal word.
Namate die skool groei sal die Graad 7 leerlinge ‘n jaarlikse leierskapkamp bywoon.

REKENAARVAARDIGHEDE:

GR 4-6 ontvang rekenaar opleiding.

GEMEENSKAPSONTWIKKELING:

Die skool sal jaarliks deel maak van gemeenskapsontwikkel. Sodoende sal ons kinders die nodige respek vir hul gemeenskap ontwikkel.

SKOOLREËLS:

1. Respek vir ons Hemelse Vader en alles wat hy gemaak het.

2. Respek vir onsself.

3. Respek vir ander en die omgewing wat ons deel.

SPORT:

Ons sal deel uitmaak van die Buite-Skole Sport Unie en dus sal die leerders van ons skool alle regte en voordele van staatskole geniet.

Somer sport:	Winter sport:
Atletiek	Netbal

Mini-Krieket Rugby
Tennis

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Daar is baie buitemuurse aktwiteite by die skool. Baie word deur die skool aangebied wat natuurlik vry en verniet is. Ander word weer deur buiteafrigters gelewer wat fooie vir hul dienste vra.

Tans bied die skool:

- Dans en ballet aangebied deur Tannie Patsy 084 725 1687
- Landloop/Kondisioeneringsoefeninge aangebied deur CPL Opvoeders(Dinsdae en Donderdae) in somermaande
- Rugby en Netbal word aangebied wintersmaande op ‘n Dinsdae en Donderdae.
- Jeanette Fox bied op Vrydae Young Engineers aan 078 318 0615
- Atletiek: Juffrou Salu-Ann
- Ekstra Kunsklasse: Juffrou Lize-Mari

ARBEIDSTERAPEUT & SPRAAKTERAPEUT

Die skool beskik oor ‘n Arbeidsterapeut asook Spraakterapeut, die klasopvoerder het hul kontakbesonderhede. Tans is die spraakterapeut se dienste in Clanwilliam maar sy gaan heel moontlik vanaf Kwartaal 2 2023 na Leipoldtville toe kom.

Arbeidsterapeut: Kay Steenkamp 072 605 9689

Spraakterapeut: Leonie Kretzschmar 082 771 5105

KLEREDRAG:

Bestellings van skoolklere sal by die skool gemaak kan word.

Winter: Skoolsweetpak, donkerblou skooltrui, golf T-hemp, wit/ grys en of donker blou sport tekkies, donkerblou reënbaadjie en – serpe.
Meisie dra wit skoolsokkies en seuns grys of wit.

Somer:
Meisies: Donkerblou broekrompie met golf T-hemp; wit tekkies, navy crocs , blou plakkies of kaalvoet
Seuns: Donkerblou broek met golf T-hemp; wit tekkies, navy croc, blou plakkies of kaalvoet.

Sportdrag:

Die skool besit ‘n volledige stel netbal- en rugbydrag wat voor elke geleentheid aan verskeie leerders gegee sal word. Ouers moet sorg dat die klere, gewas netjies verpak met die leerders se naam daarop geskryf, die daaropvolgende week terug besorg word skool toe. Daar word van die leerders verwag om hul skooldrag met trots gedurende skoolure te dra asook op sportgeleenthede wanneer die leerder nie deelneem nie.

Gedurende die eerste- en vierde kwartaal sal daar van die leerders verwag word om hul skoolhoed / kep te dra wanneer hulle in die son is.

Civvies dag:

Die volgende reëls sal geld vir dae wanneer die leerders normale drag aantrek:

1. Gee deursigtige klere mag gedra word nie
2. Geen grimering mag aangesit word nie
3. Die meisies se hare moet steeds vas gemaak word.

Algemeen:

Geen juweliersware mag skool toe aangesit word nie. Slegs die Medic Alert bandjie en horlosies sal toegelaat word.
Naels moet asb. kort en netjies wees met geen naellak.

Meisies: Die meisies se hare moet altyd netjies gedra word. Geen kleur of strepies sal toegelaat word nie. Lang hare (hare wat op die skouers hang) moet altyd netjies vasgemaak wees.
Haarbykomstighede:

- Wit, donker- en of ligblou rekkies
- Wit, donker- en of ligblou “alice bands”
- Wit, donker- en of ligblou knippies

Indien die leerder ‘n kuif dra moet dit 1cm bo die ooghare geknip wees.
Geen grimering mag gedra word nie.
Die meisies word toegelaat om oorbelletjies te dra. Hulle moet passende knoppies of ringetjies wees. Goud en silwer is toelaatbaar.

Seuns: Die seuns se hare moet altyd kort en netjies gedra word. Geen kleur of strepies is toelaatbaar nie.

Agter kant van die nek:	moet bo die kraag wees
Kuif:	moet 1cm bo die ooghare geknip wees
Kante van die kop:	ore moet mooi skoon oop geknip wees.

Skoolklere bestelling:
Skoolklere word bestel by die skool.
Kwartaalliks word bestelling vir skoolklere beskikbaar gestel .

TOELATINGSVEREISTES:

- Alle leerders wat in die ouderdomsgroep van hul graad is en Afrikaans / Engels magtig is sal toegelaat word.
- Leerders se ouers neem alle finansiële verantwoordelikheid soos uit een gesit in die skoolfondskontrak. Leerders kan toelating geweier word indien die ouers nie hul verantwoordelikheid nakom nie.
- Leerders, asook hul ouers moet die skoolreëls soos deur die SBL bepaal aanvaar, nakom en respekteer.
- Alle leerders moet die Hemelse Vader, hulself en ander respekteer.
- **TOELATING:** Prosedure van toelating geskied as volg:

1. CPL stuur aan die leerder wat aansoek doen, se huidige skool, 'n vertroulike vraelys. Die huidige skool van die leerder voltooi die vraelys en stuur dit terug aan CPL.
2. Die leerder wat aansoek doen, skryf 'n vraestel van CPL se betrokke klas waarvoor die leerder aansoek doen. Bv. sou die leerder in die tweede kwartaal inskryf sal daar verwag word dat die leerder KW 1 se Afrikaanse- en Wiskunde vraestel van die betrokke graad skryf. Die slaagsyfer vir beide die vraestelle is: 60%
3. Daar word 'n vergadering geskeduleer met die leerder se ouers wat aansoek doen. Die dagbestuur sal die vergadering hanteer.
4. Daar word bepaal of daar plek vir die leerder in die klas is. Die huidige grootte van die klas, sowel as die moontlikheid dat die klas die jaar daarop as 'n multigraad klas onderrig sal word, sal in ag geneem word.

Neem asseblief kennis dat CPL – weens bepaalde kapasiteitsbeperkings – die reg voorbehou om kandidate vir toelating te keur. Dit beteken dat voornemende leerders wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die skool toegelaat sal word nie. Weens kapasiteitsbeperkinge en die ooraanbod van leerders sal leerders op grond van hulle skolastiese prestasie gekeur word.

SKOOLFONDS:

Toelatingsfooi:
Eenmalige bedrag van R2000 wat nie terugbetaalbaar of afbetaalbaar is nie. Hierdie toelatingsfooi is vooraf betaalbaar en mag nie in paaiemente/afbetalingsooreenkoms betaal word nie.

Skoolfonds is jaarliks, kwartaalliks of maandeliks betaalbaar voor die sewende van elke maand.

Skoolfonds kan per tjek, aftrekorder of deur middel van ‘n elektroniese kontant transaksie plaasvind.
Rente sal toegevoeg word op uitstaande rekeninge.

SKOOLFONDS VIR 2023

Skoolfonds 2024	Per maand	Per kwartaal	Per jaar
GR 1-7	R2,590.05	R7,770.15	R31,080.60
GR R en of GR RR 5dae p/week	R1,490.35	R4,471.05	R17,884.20
GR RR (3x dae per week)	R908.69	R2,726.07	R10,904.28
Speelskool			
SPEELSKOOL 3 DAE PER WEEK (2020 gebore)	R767.92	R2,303.76	R9,215.04
SPEELSKOOL 2 DAE PER WEEK (2021 gebore)	R582.04	R1,746.12	R6,984.48
SPEELSKOOL 1 DAG PER WEEK (2022 gebore)	R389.57	R1,168.71	R4,674.84

Sien aangeheg die uiteensetting en verduideliking van die indeling van speelskoolleerders.

Wanneer daar meer as een kind per familie die skool (Gr.1-7) bywoon, word afslag gegee. ‘n Vierde skoolgaande kind(Gr1-7) is gratis. Skoolfooi sal jaarliks hersien word tydens die Jaarlikse Begrotings Vergadering gedurende die vierde kwartaal. Skoolfooi kan nie afgetrek word van belasting nie, maar donasies kan wel.

<u>Bankbesonderhede van Skool:</u>

Rekeningnaam: Christelike Privaatskool Leipoldtville
Bank: Standard bank
Tak: Clanwilliam
Rekeningnommer: 032634897

FONDSINSAMELINGSFOOI/BYDRAE

Gedurende Maart 2023 het CPL ‘n ouervergadering gehou waarop besluit was dat geen fondsinsamelings, met uitsondering die sportdag en skietdag wat later die jaar geskied, sal meer gehou word nie. Daarteen sal ‘n R130 fondsinsamelingsfooi per leerder per maand vir die oorblywende maande gehef word.

REKENINGE –VAKANSIES –TOELATINGSFOOI

Die rekeninge word deur mamma Elizma Engelbrecht een keer per kwartaal (aan die begin van die kwartaal) opgetrek. Met die inskryf van jou kind sal jy die keuse gegee word oor hoe jy graag die skoolfonds sou wou betaal.

Skoolfooie moet maandeliks voor die 7de van 'n maand betaal word, kwartaalliks voor die eerste maand van die nuwe kwartaal se 7de dag en of jaarliks voor die 7de Januarie van die betrokke jaar.

Met elke inskrywing sal daar 'n inskrywingsfooi gevra word van R2000. Ongelukkig, weens probleme wat ons al uit die verlede gehad het t.o.v die betaling van die R2000, moet die gelde betaal word voordat jou kind toegelaat sal word tot die skool.

Skoolfonds word betaal vanaf Januarie tot Desember (12 maande)

Skoolfonds is betaalbaar vir leerders hetsy enige afwesighede of indien leerder nie by die skool is nie.

ALGEMEEN:

Aantal skoolure per week is departementeel verpligtend.

Graad	Minimum ure per week	Ure per dag
Graad R – 2	23 ure	4 ure en 40 min
Graad 3	25 ure	5 ure
Gr. 4-7	27.5 ure	5,5 ure

Somertye (afhangende van sport)

Klas	**Begin tyd**	**Verdaag tyd**
Gogga-klas	08h00(daar is vroeër toesig)	12h00
Gr.RR en R'e	07h30	12h00
Gr.1-2	07h30	12h45
Gr. 3	07h30	13h15
Gr. 4-7	07h30	13h40

Somertye (afhangende van sport)

Klas	**Begin tyd**	**Verdaag tyd**
Gogga-klas	08h00(daar is vroeër toesig)	12h00
Gr.RR en R'e	07h30	12h30
Gr.1-2	07h30	13h15
Gr. 3	07h30	13h45
Gr. 4-7	07h30	14h10

Wintertye:

Klas	Begin tyd	Verdaag tyd
Gogga-klas	08h00	12h00
Gr.RR en R'e	08h00	12h30
Gr.1-2	08h00	13h15
Gr. 3	08h00	13h45
Gr. 4-7	08h00	14h10

VOORSKOOL KLASSE SE SKOOLDAE:

- Speelskool (Gogga's)

3-4 jarige (2020 gebore): Maandag, Woensdae en Vrydae

2-3 jarige(2021 gebore): Dinsdae en Donderdae

2 jariges (2022 gebore): Dinsdae

- GR RR

3x dae per week: Maandae, Woensdae en Vrydae of 5x dae per week (Maandae tot Vrydae)

- GR R

5x dae per week (Maandae tot Vrydae)

DROP AND GO

Sedert Covid 19-pandemie was die skool gedwing om te verhoed dat daar ander persone (ouers in kluis) die skool onnodig betree. Een van die reëlings wat voorgestel was, was 'n drop en go. Die leerders word voor die skool afgelaai, waarna hul na die ingang beweeg. Hier word hul deur die opvoeders ontvang en geskandeer deur die hoofleiers. Enige leerder met 'n koors van 38grade of hoër sal ongelukkig nie op die skoolterrein toegelaat word nie.

Die ouers van Juffrou Marna se maats neem gewoontlik haar kinders na haar klas, maar ons moedig aan dat julle ook deel is van die stop en ry geleentheid. Sy ontvang ook van haar maats by die hek, waarna sy na haar klas verdaag.

WERKSURE

Ons skool en opvoeders is baie toeganklik. Die skool en elke klasgroepie het 'n Whatsapp-groep. Daarop sit ons alle belangrikse dinge vir die week ens.

Dit beteken ook natuurlik dat ons opvoeders deur die dag beskikbaar is vir oproepe en of boodskappe, maar ek wil u graag vra dat u moet besef dat die opvoeders besig is om te werk en klas te gee en dat daar nie altyd kans is om 'n foto te neem en of 'n bietjie te gesels nie.

Ons sal poog om na elke mamma toe terug te kom, al is dit pouse of na skool.

Ten opsigte van naskool. Ek het die opvoeders toestemming gegee om nie meer na 5 /6 uur beskikbaar te wees tensy dit 'n noodgeval is nie. Ons het ons eie huise en kinders en hul benodig ook ons aandag. Ons glo almal sal verstaan dat dit vir ons klaar as opvoeders moeiliker is om tuiswerk met ons eie kinders te doen, omrede die ander leerders van ons klasse ons kan kontak t.o.v. huiswerk en sodoende ook die ouers.

Indien u nie op die Whatsapp groepe onder andere Mamma-groep en Klasgroep is nie – kontak asb u klasopvoeder of vir Juffrou Tammy.

<u>*Sien speelskoolbeleid onderaan*</u>

-SPEELSKOOL-

2024

Ons CPL – Gogga's is vir ons skooltjie baie belangrik, omdat dit ons voedingsbron is vir die ouer grade en ons skool se toekoms.

<u>OUERDERDOM VAN TOELATING:</u>

'n Speelskool leerder kan inskryf word by CPL die maand waarin die leerder 2 jaar oud word.

<u>INSKRYWING:</u>

'n Eerste kwartaal inskrywing sal vir 2-jarige leerder 'n proeftydperk wees, sodat u kan sien of u kind skoolgereed is of nie. Indien u kind nie skoolgereed is of aanpas nie, kan u binne die eerste kwartaal van speelskool u kind by die huis hou sonder enige verdere fooie betaalbaar aan CPL.

Bv: Sannie verjaar 5 Mei en is 2jaar oud dus kan Sannie tweedekwartaal van Mei maand skool toe kom. Indien sy nie aanpas nie of skoolgereed is nie, sal skoolfooie slegs verwag word om vir die kwartaal te betaal aangesien skoolrekeninge kwartaalliks is. Die opvoeder asook tesourier moet DADELIK in kennis gestel word indien u liefs besluit om haar by die huis te hou.

Neem kennis dat slegs een kwartaal as proeftydperk gegee sal word. Indien jy laat weet het dat jou kind(ers) nie meer speelskool bywoon nie, wag liefs 1 of 2 kwartale voordat u hom/haar weer speelskool toe stuur, aangesien hierdie vergunning nie weer gegee sal word nie.

SKOOLFOOIE & TYE:

Skooldae/tye:

- 2022 gebore leerders
  1x dag maks per week - Dinsdae
  08h00-12h00
  Maadelikse fooi: R389.57
- 2021 gebore leerders
  2x dae maks per week-Dinsdae en Donderdae
  08h00-12h00
  Maandelikse fooi: R582.04
- 2020 gebore leerders
  3x dae maks per week-Maandae, Woensdae en Vrydae
  08h00-12h00
  Maandelikse fooi: R767.92

LET WEL:

- **Geen dagfooie word toegelaat of is beskikbaar vanaf Kwartaal 2 van 2017 nie, slegs besoekersfooie word toegelaat.**
  Besoekersfooi is 'n fooi wat gehef word indien daar 'n maatjie saam skool toe kom, hierdie fooi beloop R80 per dag.

FONDSINSAMELINGS

Fondsinsamelings is dus baie belangrik vir CPL, aangesien CPL 'n onafhanklike skool is en geen fondse vanaf die staat ontvang nie-indien jy deel is van die CPL-familie word, word elke ouer van CPL ingedeel by 'n fondsinsameling, ons maak staat op u samewerking tov fondsinsamelings.

VAKANSIEDAE/PUBLIEKE VAKANSIEDAE

Op Publieke vakansie dae is die speelskool toe, indien dit op 'n dag val wat u kind(ers) moet skooltoe kom, word daardie dag ongelukkig verbeur. Daar gaan wel uitsonderings wees soos bv: fotodae wat daar gevra gaan word dat u kind(ers) by die speelskool teenwoordig moet wees.

"POTTY-TRAIN"

CPL se speelskool geriewe om 'n leerder se doek te ruil is wel beperk maar moontlik. Ons vra dus steeds hiermee die ouers samewerking om CPL en die opvoeder se hand te neem om so gou as moontlik u kind(ers) te "potty-train" indien u kind(ers) nie "gepotty-train"is nie vra

ons dus dat u die opvoeder in ag neem en reëling sal tref vir jou kind se behoeftes, CPL en die opvoeder is meer as bereid om na u kind(ers) se behoeftes om te sien.

Oudersdomgepas

2-3jarige leerders(tref reëling soos bogenoemde)

3-4jarige leerders-intensiewe “potty-training”

4+ jarige leerders-word verwag dat leerders tenvolle “gepotty-train” behoort te wees.

OPTEL VAN KINDERS:

Die beheerraad en opvoeders van CPL het dit goed gedink om die volgende reëling te implementeer. Die speelskool ouers moet hulle kinders met uitkomtyd in die klaskamer kom haal. Sou u graag die opvoeder wou spreek vra ons u net om dit te doen sodra al die maatjies verdaag het. Dankie vir u samewerking.

Sou u ‘n reëling wou tref dat iemand anders u kind/ers gaan optel vra ons u asb. om nie ‘n boodskap te stuur nie, maar om die skool te kontak en ‘n reëling te tref. Die opvoeders is nie bedags op/naby hul fone nie, en soms word die boodskappe net te laat gesien. Skakel gerus tydens eerste pouse (09h30) en / tweede pouse (11h30).

PARKERING

Die beheerraad van CPL vra dus vir alle CPL ouers wanneer kinders afgelaai/opgetel word dat daar aan die buitekant van die skool se ingang geparkeer word en nie op die gras of binnekant van skoolterrein nie, hierdie is slegs geimplementeer vir die veiligheid van alle leerders.

MULTI-GRAAD SKOOL

Neem asb hiermee kennis ons ‘n Multi-Graad skool is en dat ons terrein van so aard is dat die groter kinders en kleintjies wel pouses saamspeel. Daar is gedurende pouses wel toesig op die terrein, maar hou dit asseblief in gedagte vir die toekoms.

DAGGIES WAT RUIL REËLING:

Indien daar ‘n daggie is wat u sal wil uitruil, moet daar asb ‘n 2 skoolgaande dae vooruit met die opvoeder ‘n reëling getref word.

EERSTE & 2DE POUSE

Eerste pouse verloop vanaf 09:30 tot 10:00 en tweede pouse verloop vanaf 11:30 tot 12:00 gedurende wintertye en somertye vanaf 09:00 tot 09:30 en tweede pouse vanaf 11:00 tot 11:30

KOMMUNIKASIE

Indien u enige navrae of probleme ervaar kontak asb die opvoeder en/of skoolhoof, hul sal meer as bereid wees om u te help met enige navrae asook uitsortering van probleme.

SNOEPIE –GELDJIE EN ANDER BENODIGHEDE VIR KLAS

Daar word kwartaalliks snoepies gehou. Een keer 'n kwartaal as dit so baie is. Sorg asb. dat jou kind/ers 'n geldjie het. Dit is vir hulle baie sleg om nie 'n geldjie te hê en of iets te kan koop nie. Ek weet ook ons almal se finanies lyk nie soos ander s'n nie, maar as jy 'n geldjie stuur, stuur dan darem genoeg om ietsie te koop.

Sou jy vergeet, wat maklik kan gebeur, vra gerus die opvoeder om eers vir die maatjie 'n geldjie te leen en maak dan net weer reg met die opvoeder.

PARTYTJIES

Die reëling was altyd gewees dat as daar partytjies gehou word by die skool, die hele skool deel moet wees. Dit is nie meer so nie, omrede die skool nou groot is. Klaspartytjies word toegelaat, maar ons verwag dan nie van elke ouer om 'n persentjie te stuur aan die maatjie wat verjaar nie. Dit is elke ouer se keuse of sy/hy 'n persentjie wil stuur of nie. Ek sê weer, dit is nie verpligtend nie.

ARBEIDSTERAPEUT & SPRAAKTERAPEUT

Die skool beskik oor 'n Arbeidsterapeut asook Spraakterapeut, die klasopvoerder het hul kontakbesonderhede.

SKOOLFONDS

Skoolfonds word betaal vanaf Januarie tot Desember (12 maande)

Skoolfonds is betaalbaar vir leerders hetsy enige afwesighede of indien leerder nie by die skool is nie.

SIEK LEERDERS

Indien die leerders siekerig voorkom, verkies die skool liefs dat die leerders nie skool toe gestuur word nie, omrede die opvoeders nie enige medikasie, sonder die ouers se toestemming, mag toedien nie. Nie net steek die steek die maatjies mekaar aan nie, maar is ook baie huilerig en klouerig en verdeelde aandag van die opvoeder is dan baie moeiliker.

"Play is the highest form of research"-Albert Einstein